RESULTATE VIR DIE JAAR
GEËINDIG 30 APRIL 2015

Senwes

Senwes is 'n geïntegreerde landboudienstebesigheid geposisioneer in die graanwaardeketting en bied besigheidsoplossings tussen die plaashek en die graanafnemers. Senwes en sy vennote verskaf produksie-insette en kapitaalgoedere aan hoofsaaklik die graanprodusent, waarna toegang tot die mark vir die kliënt se oeste bewerkstellig word. Finansiering en logistieke dienste word verskaf aan kliënte ten einde waarde vir hulle toe te voeg. Senwes en sy vennote bedryf hoofsaaklik sake in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng, Mpumalanga, Natal, Suid-Kaap en Noord-Kaap.

BEDRYFSPRESTASIE

FINANSIËLE PRESTASIE

KERN FINANSIËLE EN BELEGGING STATISTIEK

				2015	2014
Bedryfswins voor rente en belasting uit voortgesette bedrywe	↑	(R'm)	46,9%	520	354
Netto wins na belasting	↓	(R'm)	1,6%	247	251
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel	↑	(s)	76,4%	175	99
Opbrengs op openingsekwiteit	↓	(%)	0,7%	15,0%	15,7%
Totale aandeelhouersopbrengs	↑	(%)	3,6%	11,6%	8,0%
Dividendopbrengs				4,7%	4,6%

Die genormaliseerde wesensverdienste per aandeel van die groep toon 'n styging van 76%. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die tweede grootste mielie-oes wat in Suid-Afrika geproduseer is tydens die 2014/2015 finansiële jaar en 'n gevolglike styging in silo inkomste asook die verhoging in effektiwiteit van operasionele en administratiewe aktiwiteite.

Hoewel die wins na belasting 1,6% minder as die vorige jaar is, styg verdienste uit voortgesette bedrywe met 46,9% na R520 miljoen. Ingesluit in die vorige jaar se wins na belasting van R251 miljoen, is die wins van R118 miljoen, wat met die samevoeging van die kleinhandelsbesigheid met Afgri gerealiseer is.

Senwes het gedurende die jaar besluit om sy gesamentlike onderneming met Bunge te beëindig. Voortaan sal koring-, geelmielie- en sojaboonverhandeling binne die Senwes filiaal, Tradevantage, geskied.

Kontantvloei van R553 miljoen is uit bedrywighede gegenereer terwyl R89 miljoen teruggeploeg is in kapitaalprojekte. Die netto batewaarde per aandeel het vanaf R9,58 per aandeel op 30 April 2014 na R10,54 per aandeel teen einde April 2015 verhoog, selfs nadat 'n dividend van 46 sent per aandeel gedurende die finansiële jaar betaal is.

DIVIDENDVERKLARING

'n Finale dividend van 26c per aandeel (2014 - 22 c per aandeel) is verklaar. Dividende sal op ongeveer 4 Sept 2015 aan aandeelhouers betaal word wat op die aandeleregister op 28 Augustus 2015 geregistreer is. Met volmag van die Direksie.

FINANSIËLE STATE BESKIKBAAR

Die finansiële state vir die jaar geëindig 30 April 2015 is beskikbaar op die internet by www.senwes.co.za of kontak die maatskappysekretaris, me Elmarie Joynt, by 018 464 7104 of per e-pos by elmarie.joynt@senwes.co.za vir 'n kopie daarvan.

MARKTOEGANG

Ten spyte van die lae oordragvoorraad van die vorige seisoen, het die goeie oes gedurende die huidige finansiële jaar veroorsaak dat graan volumes met 63% gestyg het. Senwes Grainlink se belegging in tegnologie en infrastruktuur by sy silo's het tot 'n styging in markaandeel gelei as gevolg van 'n meer gunstige waarde proposisie vir sy kliënte.

Grainlink se R210 miljoen netto wins verteenwoordig 53% van die totale wins wat vanuit die Groep operasionele aktiwiteite verdien is.

147%

Wins uit bedryfsaktiwiteite R210 miljoen

INSETKANAAL

Hoewel droogtetoestande in die nuwe plantseisoen die verkope van meganisasie-eenhede na die einde van die jaar negatief beïnvloed het, is die resultaat 26% hoër as 2014 as gevolg van 'n verhoging in die effektiwiteit van werkswinkelaktiwiteite asook verhoogde verkope van gebruikte heelwerktuie.

Hinterland, die gesamentlike onderneming met Afgri, wat nou in sy tweede bestaansjaar is toon 'n opwaartse tendens en toon goeie groei in wins, na die suksesvolle implementering van stelsels en kultuur integrasie wat inherent is tot die skep van 'n nuwe gesamentlike onderneming.

Die insetkanaal het gedurende die jaar 'n netto wins van R89 miljoen afgelewer, wat 22% van die totale wins vanuit die Groep se operasionele aktiwiteite verteenwoordig.

11%

Wins uit bedryfsaktiwiteite R89 miljoen

FINANSIËLE DIENSTE

Groei in markaandeel sowel as hoër insetinflasie het bygedra tot 'n jaar-op-jaar debiteure boekgroei van 10%. Die winsdeel vanaf Senwes batefinansiering toon 'n 21% styging teenoor 2014.

Ten spyte van sterk kompetisie kon Certisure Brokers daarin slaag om sy wins op dieselfde vlak as 2014 te handhaaf.

Hierdie divisie reflekteer 'n netto wins van R99 miljoen, wat 25% van die totale wins vanuit die Groep se operasionele aktiwiteite verteenwoordig.

4%

Wins uit bedryfsaktiwiteite R99 miljoen

VOORUITSKATTINGS

Die effek van die najaar droogte, in die 2014/2015 produksieseisoen en die gevolglike laer mielie -opbrengs gaan waarskynlik 'n wesenlike negatiewe impak op die inkomste uit die graanopbergingsbesigheid in die 2015/2016 finansiële jaar hê.

Die verlaagde oes opbrengs kan ook 'n negatiewe effek op die boerdery-inkomste van produsente hê, wat hul verwagte aankope van kapitaalgoedere kan uitstel en sodoende word 'n ondergemiddelde meganisasiejaar verwag.

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), SF Booysen (Ondervoorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur)*, CF Kruger (Finansiële Direkteur)*, Z Bassa, JBH Botha, AJ Kruger, NDP Liebenberg, J Maswanganyi (Direkteur: Strategie, Volhoubaarheid en Korporatiewe Dienste)*, JJ Minnaar, AK Olivier **, TF van Rooyen, WH van Zyl, AG Waller, Maatskapy sekretaris EM Joynt. *(Uitvoerend) **(Alternatief)

Senwes Bpk (Registrasienommer 1997/005336/06), Charel de Kerkstraat 1, Klerksdorp, 2571.
Tel: 018 464 7800, Webwerf: www.senwes.co.za